**Dinsdag 11 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 7:1-25** | **Fokusgedeelte: Rigters 7:2** |
| --- | --- |

# Nie in eie krag nie, maar in die krag van God

Hierdie geskiedenis maak dit duidelik dat die roem van ons verlossing aan die Here alleen behoort. Geen mens kan self iets tot sy verlossing bydra nie. En as die Here ons in diens neem, tree ons nie in eie krag op nie.

Gideon was in homself swak en bang. Hy het egter tot die geloofsbesef gekom dat hy nie in eie krag moet optree nie, maar in die krag van die Here. Uiteindelik het hy ook besef dat die roem van die oorwinning nie aan sy dapperheid en krag toegeskryf kan word nie, maar aan die Here alleen.

Die hele Israel moes dit besef. Daarom kry Gideon die opdrag om met net 300 man die vyandelike leër van 135 000 manskappe aan te durf. Gideon het gehoorsaam, want hy het op die Here vertrou en geweet dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Ná die nederlaag van die Midianiete moes almal erken: Nie deur die krag van ’n mens nie, maar deur die krag van God is die vyand verslaan. Die roem van die oorwinning behoort aan die Here.

So verlos God ons uit die mag van ons grootste vyande: die sonde en die dood. Die stryd teen die sonde is ’n stryd wat geen mens ooit in eie krag kan voer nie. Daarom het God sy Seun as Verlosser gestuur. Jesus Christus het ons in sy Goddelike krag kom ver-los uit die slawerny van die sonde, en uit die mag van die dood. Ons kan of durf nie op onsself roem asof ons iets tot ons verlossing kan bydra nie. Die roem van die verlossing behoort in geheel net aan die Here. Aan Hom alleen die eer.

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*